


Pappie Walters- Agterbaai se seun en Onderwysman

Deur N.M. Walters

Inleiding

Samuel Walter(s), die stamvader van alle Afrikaner-Walterse, was afkomstig van Pressburg, vandag Bratislava, die hoofstad van Slowake. Samuel tree in die huwelik met Maria Van der Westhuizen, weduwe van Cornelis van Niekerk, op 22 Mei 1711¹. Hulle drie seuns, Daniel, Nicolaas en Stephanus Sebastiaan word groot op die plaas De Tijgerbergen, vandag die bekende wynplaas Altydgedacht naby Durbanville².

Uit beide Nicolaas en Stephanus se nageslag sou net een kleinseun van elk die Waltersfamilie voortgeplant in Suid-Afrika (hulle broer Daniel het nie kinders gehad nie). Hierdie twee kleinseuns, wat ook Nicolaas en Stephanus Sebastiaan geheet het, het nege pionierouers voortgebring wat die fondament sou lê van die Walters nageslag in Suid Afrika. Matthys Michielse, gebore in 1804 op die plaas de Grendel net buite Malmesbury, was een van hierdie nege pionierouers (vyfde generasie seun van stamvader Samuel Walters en van die Stephanus tak). Sy nageslag vorm ongeveer 28% van al die Afrikaner-Walterse in Suid Afrika³.



Pionierouer, Matthys Michielse, se herkoms.

Pionierouer, Matthys Michielse, het groot geword op die bekende Walters-familieplaas, Bakenfontein, net buite Malmesbury⁴. Hy trou gedurende 1826 met Maria Elizabeth Petronella van der Merwe. Matthys en Bettie het 10 kinders in die lewe gebring. Hulle derde seun, Matthys Michielse word op 25 Mei 1831 in die Paardeberg sub-distrik, moontlik op die plaas Bakenfontein, gebore⁵.

¹ N.M. Walters, *Diaspora van die familie Walters*, Capensis, p.29

² N.M. Walters, *Elsie van Suurwaarden*, Capensis, p. 15

³ N.M. Walters, *Walters-Diaspora*, p. 101.

⁴ *Ibid*, p. 132.

⁵ Doopregisters, Swartland, GISA, Stellenbosch

Mettertyd huur pionierouer Matthys sy eie grond in die omgewing en was hy teen omstreeks 1850 woonagtig op die plaas Tygerfontein, nie vêr van sy ouer huis nie⁶. Sy seun, Matthys, word op 20 jarige ouderdom aangeneem as 'n lidmaat van die Swartlandgemeente op Malmesbury⁷.

Tygerfontein word egter vroeg in 1853 verkoop en die gesin moes uitkyk vir nuwe geleentehede. Pionierouer Matthys koop die plaas Waterklip in die Agterbaai, geleë tussen Saldanhabaai en St. Helenabaai.⁸

Op hierdie bekende Walters-familieplaas boer bogenoemde derde seun Matthys saam met sy ander broers. Hy trou op 16 Februarie 1863 in Hopefield met Catharina Clasina Adriana Visser en word daar uit hierdie huwelik 11 kinders gebore. Hulle eersteling, Matthys Michielse word op 1 Februarie 1864 op sy oupa Visser se plaas Skildpadvallei (Skilpadsvlei) in die Swartland gebore⁹. Catharina Clasina het blykbaar vir die bevalling na haar moeder gegaan soos in baie gevalle daardie tyd die gewoonte was.



Een van die opstalle op Waterklip se baie familie-werwe (Later ook bekend as Kleinwaterklip) en is heel waarskynlik die huis waar Pappie groot geword het.

Hierdie jong Matthys word saam met sy broers groot op Waterklip. Sy jonger broer Stephanus Sebastiaan (bekend as Stephanus Kaatjie) se huis is die eerste huis aan die linkerkant na die dorpsgrens van Vredenburg op die pad van Vredenburg na Paternoster¹⁰. Sy laatlam broer 16 jaar jonger, Roelof Petrus, sal later sy vennoot word in 'n onderneming in Moorreesburg.

Matthys trou op 2 Julie 1889 in Hopefield met Maria Elizabeth Frederika Rust. In daardie tyd het meeste kinders hulle vader "pa" genoem, maar Matthys se kinders het hom "pappie" genoem en blykbaar vandaar het hy die bynaam "**Pappie**" gekry¹¹.

Hieronder dan is die verhaal van Pappie en sy ongelooflike bydrae tot die onderwys van 'n Afrikanervolk in wording en sy naastediens, kerkman, bestuurder en sakeman.

⁶ A.P. Walters, Agterbaai se mense.

⁷ Lidmaatregisters, Swartland, GISA, Stellenbosch

⁸ Transportakte, T260, 1853, Aktekantoor, Kaapstad.

⁹ Doopregisters, Hopefield, GISA, Stellenbosch

¹⁰ A.P. Walters, Agterbaai se mense.

¹¹ Onbekend, Eeu van Onderwys, p. 6.

Pappie word ’n onderwyser

Oor Pappie se skool en latere opleiding as onderwyser is daar nog heelwat onsekerhede. Dit was bekend dat die onderwys in die Agterbaai-omgewing “*net so primitief*”¹² soos die samelewing was in die eerste helfte van die 19de eeu was. Behalwe vir die vissers aan die kus was daar slegs ’n klompie veeboere wat afgesny was van die binneland deur “bloksand”¹³ wat weens ’n gebrek aan middele nie hul kinders vir onderig in die Kaapse omgewing kon stuur nie. As gevolg hiervan moes hulle noodwendig iemand huur vir die basiese onderwysbehoefes van hulle kinders wat in baie gevalle ’n Hollandse of Engelse droster van hulle onderskeie organisasies of regerings was. Ten spyte van hulle karige salarisse het sekere persone soos Laurent Changuion (op die buurplaas Noodhulp) en Dirk Hendrik Gaukes (van Saldanha) ’n reuse taak in hierdie verband verrig. Laurent Changuion was die broer van die uitmuntende taalgeleerde, dr. François Changuion, wat op Langebaan skool-gegee het¹⁴.

Pappie se ouers het egter besluit om hulle seun op Hopefield te laat studeer. Daar was alreeds ’n sendingskool vir Bruinmense wat op Hopefield gestig was deur ’n Engelse Sendinggenootskap voordat daar op Vredenburg enige skool was. Die sendeling wat ook onderwyser was, was “*’n volbloed, agterstevoorboordjie Engelse predikant*”¹⁵. Soos dit in die geval met alle sendingskole was, het hierdie skool ook voorsiening vir blanke kinders gemaak aangesien Matthys daar onderwys ontvang tot st. 4 voordat hy weer terug keer plaas toe¹⁶. Dis is algemeen bekend dat sendingskole op sekere plekke amper net soveel blanke kinders as bruines gehad het as gevolg van ’n gebrek aan staatskole en die onsettende groot rol wat hierdie skole in blanke onderwys gespeel het. Opvoeding het net tot die sesde skooljaar gestrek¹⁷.

Heelwat inwoners uit die omgewing het hulle in Vredenburg (voorheen nog Prosesfontein) kom vestig na die inwyding van die nuwe buite NG Kerk op 15 September 1875. Die verkillende name vir Vredenburg soos Twisfontein, Prosesfontein, Prins Walter en Nazareth is ’n storie vir ’n nuwe artikel en moes sekerlik vir die 11 jarige Matthys interessant gewees het¹⁸. Die groei in inwonerstal het gelei tot die stigting van ’n privaat skooltjie. Mev Anna Gaukes, dogter van ou meester Gaukes, het ’n privaat skooltjie gehou¹⁹. Dit is nie seker of Matthys verdere onderwys ontvang het by hierdie skooltjie of by meester Changuion op die buurplaas, Noodhulp, nie.

Pappie se vader besluit eendag om sy seun te perd na Malmesbury te stuur om by ’n dokter raad te gaan raad vra. Dit was nie ’n mediese dokter nie maar sommer ’n perdedokter. “*Wilde boere daai! Wilde boere, ’n perdedokter kon hulle nie eens dood dokter nie. Vandag sou hulle gebars het*”²⁰. Langs die pad loop hy ’n man met ’n perdekar raak wat ondersoek ingestel het na die onderwys in die Swartland.

¹² J.P.A. Lochner, Vredenburg as Ned. Geref. Gemeente, p. 62.

¹³ Bloksand verwys na die

¹⁴ J.P.A. Lochner, Vredenburg as Ned. Geref. Gemeente, p. 62-63.

¹⁵ Onbekend, Eeu van Onderwys, p. 6.

¹⁶ Ibid.

¹⁷ C.H. De Wit, Persoonlike kommunikasie.

¹⁸ J.P.A. Lochner, Vredenburg as Ned. Geref. Gemeente, p. 16.

¹⁹ Ibid, p. 65

²⁰ Onbekend, Eeu van Onderwys, p. 6.

Op navraag van hierdie inspekteur meld Matthys dat by graag verder wou studeer, en vra hom wat om te doen. Die inspekteur belowe hom dat hy werkstukke sal aanstuur hy wat hy moet deurwerk om die toelatingseksamen vir die “South African College School”, die voorloper van U.K., te kon skryf. Hy ontvang die werkstukke en met die hulp van ’n verloopte Hollander werk hy dit deur²¹. Hy skryf en slaag ook sy matriek by S.A.C.S. So begin die verhaal van ’n besondere man wat ’n groot impak op onderwys en gemeenskapdiens in sy dorp en omgewing gemaak het.

²¹ Onbekend, Eeu van Onderwys, p6.

Begaafde Onderwyser en leier



Matthys Michielse (Pappie Walters)

Soos reeds genoem was daar 'n klein privaat skooltjie op Vredenburg, kort na die inwyding van die kerk in 1875, gestig. Ds. Neethling, leraar van Hopefield, het hom egter beywer vir die skool en as gevolg van sy toedoen is 'n skoolkommissie op die been gebring om te onderhandel met die skoolinspekteur van Tulbagh vir die aanstelling van 'n hoofonderwyser te onderhandel. Teen hierdie agtergrond het Piet Kotze, 'n boer van Agterbaai, na Stellenbosch gegaan en blykbaar aan ouderling Krige van die Stellenbosch gemeente gemeld dat: “*die mense van Agterbaai van geen God of sy gebod weet nie, en dat hul 'n onderwyser wil hê wat ook sendingwerk kon doen*”²². Ouderling Krige se skoonseun, Frans Schonken, word as skoolhoof benoem van die eerste “goewermentskool” op Vredenburg in Januarie 1880 benoem.

In 1886 word die 22 jarige Matthys (Pappie) genader om hoof van die skool te word, pas nadat hy sy studies voltooi het. Pappie was skoolhoof vanaf 1886 tot 1889 toe daar slegs nog 34 leerlinge in die skool was²³. In 1890 neem hy oor as hoof van die skool op Moorreesburg²⁴.

Hy was een van die begaafdes wat nooit massamens sou word nie, maar 'n individu in eie reg. Begaafd met 'n goeie verstand, streng godsdienstig en met sy eie besondere humorsin het hy hom die reg voorbehou om te sê wat hy wil, aan wie hy wil.

Sy hoogste strewe was om sy mense opgevoed en geleerd te kry en daarom het hy kilometers en nogmaals kilometers te perd of per perdekar afgelê om ouers te oorreed om hulle kinders skool toe te stuur of verder te laat leer.

Pappie was glo 'n streng en veeleisende onderwyser. Een van sy onhebbelikste oud-leerlinge vertel grappenderwys: “*Mister Walters se tugmiddel het afgehang van die kwaad wat jy gedoen het. Dit het gevarieer van 'n plak tot 'n 'baaisiekelttang'. Daarby het mnr. Walters sy eie besondere soort sielkunde toegepas by die uitdeling van straf. Dieselfde oud-leerling vertel: “Piet het my met 'n klip gegooi; ek het gekoes en die ruit spat aan skerwe. Reeds het ek my verlustig daarin hoe Piet gaan riemspring, want dit was 'n halsmisdaad. Die klok lui. Mnr. Walters: ‘Wie het die ruit gebreek’ Piet moes bieg: Mister Walters, ek het vir Klaas met 'n klip gegooi en toe koes hy.’ Mnr. Walters: ‘Klaas, as jy nie gekoes het nie, was my ruit heel. Kom, buk!’ Mnr. Walters het egter vir Klaas geken*”²⁵!

²² J.P.A. Lochner, Vredenburg as Ned. Geref. Gemeente, p. 65.

²³ Ibid, p. 66

²⁴ Onbekend, Eeu van Onderwys, p. 6.

²⁵ Ibid, p. 7

Impak van die Boereoorlog

Gedurende die Anglo-boereoorlog is die trekvee van boere in die Swartland deur die “Kakies of Tommies” gekonfiskeer en selfs van die kinders se perde is selfs op pad skool toe afgevat gedurende die Anglo-Boereoorlog. Die skoolkomitee van Moorreesburg kon slegs met die verloop van sersant Roll vergader. Krygswet is toegepas en niemand mag sy plaas of die grense van sy dorp verlaat het sonder verloop nie. Vir die “joiners, hensoppers en Town Guards” in Moorreesburg was Pappie nie te kakiekleurig genoeg nie, en gevolglik wou hulle van hom ontslae raak²⁶.

Op ’n dag het die drywer van die poskar kwansuis “vergeet” om Moorreesburg se possak op te laai. Mnr. Walters het die possak geneem en die poskar te perd probeer inhaal. Hy word egter net buite die dorp in hegtenis geneem op twee aanklagte: Hy het nie verloop gehad om sy ingeperkte gebied verlaat nie, en die onwettige besit van ’n possak.

Hy word saam met 8 gevangenes na die tronk op Malmesbury geneem. Daar word hulle verhoor en tot dwangarbeid veroordeel en na Matjiesfontein gestuur. Pappie word boonop geskors as skoolhoof en as onderwyser. Sy vrou en sy vier kinders word uit skoolkoshuis gesit en huur ’n enkel kamertjie in ’n huis op die hoek van Plein- en Moorreesstraat. Hulle het meer as een dag nie kos gehad nie om te eet.²⁷

Hierdie tragiese verhaal het hom ook op vele ander plekke afgespeel soos die Agterbaai, Matthys se geboorte streek, afgespeel. Die kommandant van die “Town Guard” het glo dikwels gevoel hy wil die ouer mans in die tronk sit omdat hulle kwansuis “onder verdenking sou staan”. Dit was ook nie lank of hy laat meester Changuion van Noodhulp en ’n paar ander vooraanstaande ou manne aankeer. Hulle moes behoorlik die hoendervoet op die rug dra (ou Afrikaanse idioom wat verwys na bandietklere). Hulle werk was om die pad tussen die winkel en Paternoster te herstel met gruis wat hulle per kruiswaens moes aanry vanaf ’n gruisgat oorkant die huidige pastorie. Daar word vertel dat hierdie pad so deeglik gemaak was dat dit nooit weer gebreek het nie²⁸.

Pappie se neef Schalk Willem Walters (gebore 14 Oktober 1868²⁹ en seun van pionier-ouer Matthys Michielse se oudste oorlewende seun, Schalk Willem) word ook gebore op Waterklip en bring sy kleuterdae deur op Waterklip. Hy bekwaam homself ook as onderwyser en kry ’n aanstelling in die Vrystaat net voor die oorlog aangesien onderwysposte maar skaars was in daardie tyd in die Kolonie³⁰. Sy vrou en drie van sy jong kinders word by Kareepan gevange geneem en na die Brandfort-Konsentrasiekamp gestuur. Dit is onseker of Schalk ook ’n gevangene was. Sy derde seun, Johan Matthys is een van die 22 000 kinders wat in konsentrasie kampe gesterf het³¹. Johan Matthys sterf op 4 September 1901 as tweejarige weens masels en longontsteking³².

²⁶ Onbekend, Eeu van Onderwys, p. 7-8.

²⁷ Ibid, p. 8

²⁸ J.P.A. Lochner, Vredenburg as Ned. Geref. Gemeente, p. 64.

²⁹ Doopregisters, Hopefield, GISA, Stellenbosch

³⁰ N.M. Walters, Walters-diaspora, p. 149-150

³¹ N.M. Walters, Walters-diaspora, p. 149-150.

³² Sterfkennisse, MHG, W985, 1902, Vrystaatse Argief, Bloemfontein

Vrede van Vereeniging en 'n nuwe lewe



Die Winkel van Matthys (Pappie) en Roelof Walters op Moorreesburg

Na die Vrede van Vereeniging in 1902 het Pappie teruggekeer van Matjiesfontein en het hy saam met sy jongste broer, Roelof, 'n winkeltjie in Moorreesburg begin onder die naam Walters Bpk. waarmee hulle 50 jaar lank 'n bestaan gemaak het³³.

Naas Walters Bpk. is daar ook nog die Waltersbrug ter nagedagtenis aan hom. Na die oorlog het sy lewe van naastediens ook begin: 39 jaar Sondagskoolonderwyser, ongeveer 30 jaar stadsraadslid bestaande uit 12 jaar

as burgemeester, 16 jaar verteenwoordiger op die Skoolraad van Malmesbury, 22 jaar sekretaris van die skoolkomitee, tydelike koster en later skriba van die kerk en jare lank ouderling³⁴.



Die Walters-brug in Moorreesburg, ingewy in 1961

Op 11 Mei 1957 sterf hy op Moorreesburg op 93-jarige ouderdom en laat 9 kinders na, 2 seuns en sewe dogters³⁵. Sy tweede seun, Gerhardus Willem Daniel gebore 25 Mei 1899, was ongeveer twee jaar oud toe sy pa vir dwangarbeid na Matjiesfontein gestuur was. Gerhardus was die vader van Matthys Michielse Walters, die bekende skrywer en digter.

³³ M.M. Walters, Die Swartland is my Tuisland, p. 23

³⁴ Onbekend, Eeu van Onderwys, p. 7-8.

³⁵ Boedels, Meester van die Hoogsgeregshof, 3160/57, 1957, Kaapstad.

Sy broer en mede winkeleienaar, Roelof Petrus Walters (gebore 1880), vader van Admiraal Johan Charl Walters, voormalige hoof van die Suid-Afrikaanse Vloot, sterf op 10 Maart 1959³⁶.

Stamvader Samuel Walters van Pressburg in Slowakye sou beslis trots gewees het op sy sewende generasie seun. Die Walters-nageslag en Swartlandse gemeenskap kan met groot dank en waardering hulde bring aan die nalatenskap van 'n besondere lid van die Waltersfamilie.

³⁶ Boedels, Meester van die Hoogsgeregshof, 1526/59, 1959, Kaapstad.

Bronne

Argivale Bronne

Nasionale Argiewe, Kaapstad.
Genealogiese Instituut van Suid Afrika, Stellenbosch.
Akte Kantoor, Kaapstad.

Literatuur

Lochner J.P.A., *Vredenburg as Ned. Geref. Gemeente na Vyftig Jaar, 18 Nov. 1902-1952.*
Onbekend, *’n Eeu van Onderwys op Moorreesburg 1876-1976*, Nasionale Boekdrukkery, Parow.
Walters A.P., *Die Walterse van Agterbaai*, in voorbereiding.
Walters M.M., *Die Swartland is my Tuisland*, Perskor Uitgewers, 1990
Walters N.M., Diaspora van die familie Walters, *Capensis*, 1/2003.
Walters N.M., Elsje van Suurwaarden, die Boerin van De Tijgerbergen, *Capensis*, 3/2006.
Walters N.M., *Die Walters-diaspora en Familieboek*, US Drukkery, 2006.

Bedankings

Die outeur bedank Dr Christoffel Hendrik De Wit, geskiedkundige, asook Adriaan Pienaar Walters, seun van die plaas Noodhulp en skrywer van die Walterse van Agterbaai, vir hulle kritiek en redigering. Adriaan Pienaar se oupagrootjie, Coenraad Johannes, was die broer van Pappie se vader, Matthys Michielse.